

## 7 Augustus

### Die Here beskerm my!

#### Skrifgedeelte: 2 Samuel 16:15 – 17:29; Psalm 3

Jy sal sekerlik in jou lewe ook kan vertel van wonderlike gebedsverhoring. God is die verhoorder van gebede!

Die verpletterende berig wat Dawid gekry het, is dat die hele Israel aan Absalom se kant is. Dawid weet hy kan geen genade van Absalom verwag nie. Toe hy verder verneem dat Agitofel, sy getroue raadgewer, Absalom ook navolg, het sy hart in sy skoene gesak. Sy gebed was innig: "Here, laat daar tog niks kom van Agitofel se raad nie" (2 Sam 15:31). Noudat Dawid se omstandighede 'n laagtepunt bereik het, brand sy geloofsvertroue helder. Vol vertroue roep hy tot God (Ps 3).

As ons bid, moet ons nie met gevoude hande sit nie. 'n Gebed onthef ons nie van ons verantwoordelikhede nie. Dawid weet dit. Daarom maak hy planne. Hy stuur Gusai, sy vriend, terug Jerusalem toe met die opdrag om Agitofel se raad te verydel. Wat verder gaan gebeur, is in die hande van die Here wat oor almal en alles beskik. God het Dawid se gebed op 'n wonderlike wyse verhoor. Absalom volg werklik die misleidende raad van Gusai. Juis dit het Dawid kans gegee om veilig buite die bereik van Absalom te kom. Nou het hy tyd gehad om sy manskappe te herorganiseer.

Elke gebedsverhoring is 'n wonderlike ingryp van God in ons lewens. Dit bly ons verantwoordelikheid om te beplan en te doen. Maar sonder die gebed mag dit nooit! (Ef 6:18)

*Sing: Psalm 87:7, 12*

*Ds. APC Duvenage (Emeritus)*